DEELMELK - "MOOIMELK KOEIHOTEL"

Opgestel deur Gerdie Landman – "Mooimelk Koeihotel" 082 - 6517727

Oktober 2011

INLEIDING

Die konsep om beeste te koop en in iemand anders se sorg te plaas, is reeds goed gevestig en streef na die volgende doelwitte: Ons noem die konsep, deelmelk!

Vir die Deelmelker hou dit die volgende voordele in:

- **Betrokkenheid in Melkboerdery** - sonder om diere te huisves of self te bestuur – geen belegging in grond, bestuur of melktoerusting is nodig nie.
- **Inflasiegekoppelde kapitaalgroei** – melkbeespryse styg oor jare heen, met geen onderhoudskoste vir die belegger nie. (vergeleke met geboue wat onderhoud verg.)
- **Professionele bestuur van diere** – op dieselfde vlak as die Gasheer se eie diere.
- **Lae risiko –** die beeste bly die eiendom van die belegger, alle vrektes of veroudering is die verantwoordelikheid van die Gasheer melker – dieselfde getal dragtige verse is aan die einde van die termyn aan die deelmelker verskuldig!
- **Boedelbou in bates** wat maklik kan verkoop of vir aftrede 'n maandelikse inkomste kan bied.

Vir die Gasheer melkplaasr hou dit die volgende voordele in -

Kontantvloei voordele, met geen kapitale delging betaalbaar gedurende die Deelmelk termyn nie, slegs "bruikhuur koste" van die beeste. Die addisionele diere wat deur die "Mooimelk Koeihotel" gemelk word, verhoog die winsgewendheid van die projek aangesien die melkery vinniger op vol kapasiteit loop.

DEELMELK BOERDERY

Die getal dragtige Holstein verse ter sprake is (Tik die getal in wat die Deelmelker wil koop)…….. dragtige verse met 'n gemiddelde waarde van R……..stuk (Die markwaarde van dragtige Holstein verse op daardie stadium). Hierdie getal sal in die getalleregister opgeneem word en R……per jaar inkomste (Soos ooreengekom tussen die twee partye) vir die Deelmelker verdien. Dit word maandeliks teen R……. per vers per maand uitbetaal (Winsdeel uit die Melkery).

HOE WERK DIE STELSEL?

- Die Deelmelker en die Gasheer melkboer identifiseer saam 'n getal Holstein diere wat aan die basiese vereistes van produktiwieteit voldoen en waarvoor die Gasheer Melkboer kapasiteit in die "Mooimelk Koeihotel" het. Sou die Koeihotel reeds verse beskikbaar het vir verkoop, word daar 'n BTW faktuur aan die voornemende Deelmelker uitgemaak. Hy koop dan verse wat reeds in die Koeihotel is. (geen vervoerkoste nie)
- **Gesonde uiers** van verse verseker dat die risiko van siektes soos mastites beperk word. Dit is die hoofrede waarom ouer koeie nie opgeneem kan word nie.
- Eienaarskap van die diere **bly in die naam van die Deelmelker** en vorm nie deel van die Gasheer melkboer se inventaris nie.
- Al die **risiko's van siektes en vrektes is vir die rekening van die Gasheer Melkboer**. Die nageslag wat uit die verse gebore word, moet gebruik word om vervanging van die Deelmelker se kudde te kan doen. Dus hou die gasheer melkboer die nageslag uit die Deelmelker se diere.
- Die Deelmelker kry aan die einde van die ooreengekome deelmelk termyn weer **dieselfde getal en kategorie diere wat oorspronklik in die Gasheer melkboer se sorg geplaas is terug, maar nie dieselfde diere nie**.

Aan die begin en aan die einde van die projek betaal die Deelmelker vir die vervoerkoste van die verse wat in die sorg van die Gasheer Melkboer geplaas en teruggegee word. Die

Gasheer Melkboer ontvang dus die beeste wat in sy sorg gelaat word op die Mooimelk Koeihotel perseel, op die Visrivier plaas 15 Km Noord van Cookhouse

DEELMELK TERMYN

Die Deelmelk termyn word vir 'n aanvangstermyn van 3 tot 5 jaar gesluit – die Deelmelker kan kies hoe lank hy die ooreenkoms wil vasmaak. Ons minimum terrmyn is egter 3 jaar!

KENNISGEWING VAN BEEINDIGING

Albei partye moet 12 maande skriftelike kennis aan mekaar gee indien enige party die ooreenkoms na afloop van die aanvangs termyn wil staak. Indien die Deelmelker nie kennis gee nie, sal die ooreenkoms op 'n jaar tot jaar kennisgewings basis voortgesit word.
Dieselfde voorwaardes as oorspronklik sal geld. Die huursom word dan weer her onderhandel.

BELONING AAN DIE DEELMELKER

Die WINSDEEL bedrag per vers op belegging is **R……+ BTW per maand vir al 12 maande** van die jaar – dus R……+ BTW per vers per jaar. Die opbrengs word **maandeliks** agteruit vir al 12 maande van elke jaar aan die Deelmelker betaal. Julie maand se Winsdeel geld word byvoorbeeld op 15 Augustus aan die Deelmelker oorbetaal.

GENETIESE VORDERING

Dit word in hierdie projek van die Gasheer melkboer verwag om KI - semenbulle en/of KI gehalte geregistreerde Holsteinbulle in die kudde te gebruik om sodoende in 'n posisie te wees om minstens dieselfde gehalte diere terug te gee as wat oorspronklik van die Deelmelker ingeneem is.

PROFESSIONELE BESTUUR

Dit word van die Gasheer Melkboer verwag om goeie siektebeheer toe te pas, byvoorbeeld TB en CA vry kudde, inentings teen enige ander siektes wat in die streek voorkom. Die Gasheer melkboer se eie plaas "Wynandskraal", het 326 Ha onder besproeiing uit die Oranje Visrivier Staats Waterskema met 12,500 kubieke meter water toekenning per hektaar. Ons huur ook die plase Brakfontein en Morewag in die Paterson distrik met nog 2 000 Ha aangeplante weidings waar sowat 1 000 verse aangehou word. Sou daar meer diere in die Mooimelk Koeihotel wees, word voer van omliggende plase ingekoop.

RISIKO'S EN SEKURITEIT IN DIE PROJEK

- Die Deelmelker **bly die eienaar van die ooreengekome getal diere** wat oorspronklik in die sorg van die Gasheer Melkboer se sorg geplaas is, die diere self staan dus as sekuriteit vir die Deelmelker.
- Sou die Deelmelker aan die einde van die termyn die verse wil verkoop, staan dit hom vry om dit teen markprys te verkoop – die Gasheer melkboer geniet egter die "eerste reg van weiering" op die beste skriftelike aanbod vir die diere op daardie stadium.
- Enige **vrektes of siektes is vir die Gasheer Melkboer se rekening** – hy moet steeds die getal diere volgens ooreenkoms aan die Deelmelker teruggee.
- Die kalwers wat uit die Deelmelker se diere gebore word, vorm deel van die Gasheer Melkboer se beloning omdat hy uit die aanwas, die nodige vervanging van prulle en vrektes moet kan doen.
- Die waarde van die verse wat met inflasie groei, verseker dat die Deelmelker teen die nadele van inflasie in vergelyking met 'n bank belegging verskans word – in die verlede het die waarde van Holstein verse oor tyd aanhou groei.
- Indien die Gasheer Melkboer finansiële probleme sou ondervind, is die Deelmelker se diere nie deel van die Gasheer Melkboer se inventaris nie.
- By insolvensie of enige vonnis wat teen die Gasheer melkboer geneem sou word, maak dit die Deelmelker geregtig om onmiddelik sy beeste in geldwaarde soos in die kontrak te eis.
- **Daar word 'n wettige Deelmelk Kontrak** vir die deelmelk van die getal beeste opgetrek. Die kontrak is bindend en bevestig die eienaarskap van die diere in die naam van die Deelmelker.

- Indien die eienaars van die Mooimelk Koeihotel vir watter rede ookal sou besluit om die projek te staak, sal die eienaar van die beeste teen kontrakwaarde vir hul beeste op daardie stadium uitbetaal word – maar nie minder nie as die waarde van die kontraktuele ooreenkoms nie.

Die inhoud van bogenoemde dokument vorm die basis van die ooreenkoms tussen die Deelmelker en die Gasheer melkboer en ‘n wettige Deelmelkooreenkoms sal opgestel word. Hierdie is nie ‘n regsdokument nie en dien slegs as verwysingsdokument vir die deelmelk van beeste.

Moet nie huiwer om oor enige onduidelikheid uit te vra nie – totdat die voorgenome deelmelk projek met ‘n wedersyds aanvaarbare ooreenkoms beklink is, bly die voorstel oop vir bespreking.

Groetnis uit die melkstal,

Gerdie Landman, 082 – 6517727

EIENAAR MOOIMELK KOEIHOTEL